# TOEPASSING VAN DIE INTERIM-PLAGIAATBELEID IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

Hierdie dokument is gegrond op die Universiteit Stellenbosch se interim-benadering met betrekking tot die hantering van plagiaat (2006). Die doel van hierdie dokument is om 'n konsekwente en omvattende benadering met betrekking tot die hantering van plagiaat daar te stel in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

**A) Wat is plagiaat?**

Plagiaat word gepleeg deur die werk (woorde, idees, intellektuele of artistieke skeppinge), gepubliseer sowel as ongepubliseer, van ander persone oor te neem en aan te bied asof dit die aanbieder (skrywer of spreker) se eie is. Onder plagiaat tel onder andere die volgende oortredings: die indiening van 'n ander persoon se werk, met of sonder sy toestemming, as 'n student se eie; die woord-vir-woord herhaling of direkte vertaling van woorde of sinne uit 'n ander persoon se werk, insluitend die werk van 'n mede-student of uit klasnotas sonder die nodige en korrekte erkenning en verwysing; die aanbied van data wat deur iemand anders ontwikkel of ingesamel is sonder korrekte erkenning van die oorspronklike bron; die indiening van 'n student se eie werk wat reeds vir 'n ander module ingedien is sonder verwysing na die oorspronklike bron; die herhaling van 'n ander persoon se idees in eie woorde sonder erkenning van die oorspronklike bron; die gebruik van enige vertaalprogramme om eie idees in 'n vreemde taal om te skakel in modules waar die korrekte gebruik van die vreemde taal deel uitmaak van die assesseringsproses; onvolledige en/of inkonsekwente verwysings na bronne; die gebruik van direkte aanhalings sonder die gebruik van aanhalingstekens.

**Alle gevalle van plagiaat kom neer op 'n ernstige oortreding, wat vir die student ernstige gevolge kan hê, selfs skorsing uit die Universiteit, afgesien van moontlike kriminele of siviele optrede.**

**B) Benadering**

Die US se benadering maak voorsiening vir 'n ontwikkelingsdimensie, naamlik dat die voorkoms van gevalle van plagiaat - uitgesonderd gevalle van 'n ernstige aard - gebruik word as 'n geleentheid om die persone wat hulle as gevolg van onkunde daaraan skuldig maak te wys op wat verwag word en hoe om in die toekoms met inligting om te gaan. Dit beteken nie dat die US toeskietlik is in sy benadering m.b.t. die hantering van plagiaat nie; inteendeel, dit skep 'n basis vir 'n ferm dog billike, deursigtige en konsekwente benadering. Ingevolge hierdie benadering moet alle studente aan die begin van die jaar deeglik ingelig word met betrekking tot die geldende plagiaatbeleid en die implementering daarvan binne die Fakulteit. Hierdie inligting behoort weer voor die indiening van werkstukke herhaal te word en werkstukke moet vergesel word deur 'n dokument wat die student onderteken en waarin hy/sy verklaar dat daar geen oortreding met betrekking tot plagiaat (in die mees omvattende sin) in die betrokke werkstuk begaan is nie.

**C) Kategorieë (met inbegrip van studievlak en oortredingsrekord)**

In terme van die US se hantering van oortredings m.b.t. plagiaat word drie breë kategorieë oortredings onderskei:

**Kategorie 1:** Blatante gevalle, waar die departement van oordeel is dat die saak in elk geval na die **Sentrale Dissiplinêre Komitee** verwys moet word.

**Wat tel as plagiaat onder kategorie 1:**

- Enige vorm van plagiaat gepleeg deur 'n nagraadse student
- Enige derde oortreding
- Ernstige tweede oortredings
- 'n Tweede of verdere herhaling van Kategorie 2-oortredings.
- Waar die werkstuk of geskrewe materiaal van 'n ander persoon op 'n blatante wyse oorgeneem word sonder enige erkenning, bv.
    - Die indiening van 'n ander persoon se werk, met of sonder sy toestemming.
    - Die woord-vir-woord herhaling van sinne en/of paragrawe uit 'n ander persoon se werk, insluitend die werk van 'n mede-student (met of sonder lg. se toestemming) en klasnotas (hetsy verbaal of skriftelik) van 'n dosent ontvang.
    - Die herhaling met die verandering van geselekteerde woorde of frases van sinne en/of paragrawe uit 'n ander persoon se werk, insluitend die werk van 'n mede-student (met of sonder lg. se toestemming) en klasnotas (hetsy verbaal of skriftelik) van 'n dosent ontvang.
    - Die direkte vertaling van sinne en/of paragrawe uit 'n ander persoon se werk, insluitend die werk van 'n mede-student (met of sonder lg. se toestemming) en klasnotas (hetsy verbaal of skriftelik) van 'n dosent ontvang.
    - Die aanbied van data wat deur iemand anders ontwikkel of ingesamel is sonder om die oorspronklike navorser(s) en bron(ne) vir die inligting weer te gee.

**Kategorie 2:** Minder ernstige gevalle, waar daar op 'n onoordeelkundige wyse - in terme van plagiaat - met bronne omgegaan word, maar wat uiteraard steeds as plagiaat geld.

**Wat tel as plagiaat onder kategorie 2:**

- Plagiaat soos omskryf onder kategorie 1, gepleeg deur 'n eerste oortreder of by 'n tweede oortreding sonder bose opset (*mala fide*).
- Die herhaling van idees uit 'n ander persoon se werk in eie woorde sonder erkenning van die oorspronklike bron.
- Die inlewering van 'n student se eie oorspronklike werk of dele van 'n werk wat reeds vir 'n ander module of program ingelewer is, sonder dat aangedui word waar die materiaal oorspronklik gebruik is.
- Die gebruik van enige vertaalprogramme hetsy op Internet of van enige ander bron om selfs jou eie idees in 'n vreemde taal (bv. Duits of Frans) weer te gee in studierigtings waar die gebruik van 'n vreemde taal deel uitmaak van die evalueringsproses.

**Kategorie 3:** Oortredings wat beskou kan word as nalatigheid of onnoukeurigheid in die omgang met en erkenning van bronne, maar wat steeds as plagiaat beskou word.

**Wat tel as plagiaat onder kategorie 3:**

- Onvolledige of inkonsekwente verwysings na bronne.
- Die erkenning van bronne word plek-plek weggelaat.
- Die gebruik van direkte aanhalings sonder die gebruik van aanhalingstekens.

## D) Proses

**Kategorie 1 oortredings:**

- Die dosent kry die nodige bewyse van plagiaat bymekaar.
- Die saak word verder hanteer deur die voorsitter van die departement en die betrokke dosent. (Indien die dosent wat die plagiaat uitgewys het, self ook voorsitter is, word 'n ander dosent in die betrokke departement by die proses betrek.)
- Die voorsitter doen navraag by die Afdeling van die Registrateur (of bevestig op die Fakulteit se Plagiaat-databasis) om vas te stel of daar reeds enige vorige oortreding m.b.t. plagiaat aangemeld is. Hierdie inligting word in berekening gebring in die verdere hantering van die saak.
- Die voorsitter en dosent vergader saam met die student om die saak te bespreek en die student word ingelig dat die saak na die SDK verwys word vir verdere hantering. Indien die student dit ná hierdie eerste ontmoeting sou verkies, kan hy/sy 'n verteenwoordiger van die BASK vra om hom/haar by te staan.
- Die student word volledig ingelig wat betref die formele proses van die SDK, insluitend die "reg op bystand" waarop studente kragtens die Studentereglement geregtig is en die strawwe wat deur die SDK opgelê kan word (insluitend skorsing, die verbeuring van 'n graad of diploma en die verbeuring van 'n klaspunt of krediete wat verwerf is).
- Besonderhede van die oortreding en straf, met insluiting van die student se naam, kan ook op kennisgewingborde op die kampus gepubliseer word.
- Die besluit van die departement oor optrede teenoor die student vind skriftelike neerslag.
- Besonderhede van die oortreding en sanksies word aangebring op die Fakultêre databasis.
- Die nodige bewysmateriaal word na die SDK gestuur.

**Kategorie 2 oortredings:**

- Die dosent kry die nodige bewyse van plagiaat bymekaar.
- Die saak word verder hanteer deur die voorsitter van die departement en die betrokke dosent. (Indien die dosent wat die plagiaat uitgewys het, self ook voorsitter is, word 'n ander dosent in die betrokke departement by die proses betrek.)
- Die voorsitter doen navraag by die Afdeling van die Registrateur (of bevestig op die Fakulteit se Plagiaat-databasis) om vas te stel of daar reeds enige vorige oortreding m.b.t. plagiaat aangemeld is. Hierdie inligting word in berekening gebring in die verdere hantering van die saak.
- Die voorsitter en dosent vergader saam met die student om die saak te bespreek en die student word ingelig dat die saak òf intern binne die departement hanteer kan word òf na die SDK verwys kan word vir verdere hantering. Indien die student dit ná hierdie eerste ontmoeting sou verkies, kan hy/sy 'n verteenwoordiger van die BASK vra om hom/haar by te staan.
- Soos onder Kategorie 1 word die student volledige ingelig wat betref die verloop van die proses binne die SDK sodat 'n ingeligte keuse uitgeoefen kan word.
- Departementele sanksies wat moontllik opgelê mag word, sluit die volgende in: 'n punt van nul word toegeken, 'n laer punt word toegeken.
- Die besluit van die departement oor optrede teenoor die student vind eweneens skriftelike neerslag. Indien die saak na die SDK verwys word, word die nodige bewysmateriaal daarmee saam gestuur; indien die saak intern gehanteer word, word die bewysmateriaal betrokke by die hantering van die geval (of 'n kopie daarvan) bewaar vir 'n tydperk van minstens drie jaar.
- Die Afdeling van die Registrateur word skriftelik ingelig oor die interne hantering van die geval en oor die sanksie wat toegepas is.

- Besonderhede van die oortreding en sanksies word aangebring op die Fakultêre databasis.

**Kategorie 3 oortredings :**

- Hierdie gevalle kan by ‘n eerste oortreding na goeddunke deur die betrokke dosent hanteer word.
- Die dosent versamel die nodige inligting wat betref die oortreding en stel vas of die student reeds ‘n oortredingsrekord het.
- Die dosent bespreek die oortreding en toepaslike sanksie met die student.
- Besonderhede van die oortreding en sanksies word aangebring op die Fakultêre databasis.